

PIETER SCHOONEES

Inskripsies op padrões, posklippe, grafstene en bakens

Kaapstad: Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum

1991

71 pp.

R20,00

ISBN 0-620-15550-7

Omdat min Afrikaanse literatuur oor die vroeë Suid-Afrikaanse posgeskiedenis bestaan, is daar met groot verwagting na die ongemerkte uitgawe van *Inscriptions left by early European Navigators on their way to the East* deur L. Péringuey uitgesien.

Die inligting in die nuwe publikasie is beter georden en soos Schoonees tereg in die voorwoord meld, is sommige historiese feite reggestel en binne konteks geplaas. Heelwat bykomende inligting, veral oor die geskiedenis van die ontdekkingsreise, die skepe en belangrike persone aan boord, is bygevoeg. Hierdie bykomende inligting verhoog die insig in, waardering vir en begrip van die voorwerpe waaroor die publikasie handel aansienlik.

Die werk is in Afrikaans omgewerk wat dit meer toeganklik vir die Afrikaanssprekende skolier of student maak.

Daar is heelwat tekortkominge wat met 'n hersiene uitgawe uitgeskakel kon gewees het.

Outeur:

Met die eerste oogopslag lyk dit na 'n nuwe en oorspronklike publikasie. Hierdie verwagting realiseer egter nie. Die meeste inligting in hierdie boek het reeds in 1913 onder die naam van L. Péringuey verskyn. Daar word dus gevoel dat die jongste uitgawe slegs vertaal en bygewerk is en nie 'n oorspronklike uitgawe is nie. Die oorspronklike outeur behoort dus saam met Pieter Schoonees op die stofomslag vermeld te word.

Titel:

Die oorspronklike titel, *Inscriptions left by early European navigators on their way to the East*, is duideliker as die jongste titel. *Inskripsies op padrões, posklippe, grafstene en bakens* is verwarrend omdat grafstene en bakens steeds vandag nog gebruik word. Aangesien die jongste uitgawe grootliks 'n vertaalde weergawe van die oorspronklike is, sou 'n titel, *Inskripsies agtergelaat deur die vroeë Europese seevaarders op pad na die Ooste*, deur L. Péringuey, soos vertaal en bygewerk deur Pieter Schoonees, dalk meer toepaslik gewees het. Soos die mede-outeur tereg in die voorwoord meld, is sommige historiese feite reggestel en binne konteks geplaas maar dit skakel nog nie die bydrae van die oorspronklike outeur uit nie.

Inhoud:

Hoewel die nuwe, vertaalde uitgawe 'n netjiese, duidelik uiteengesette inhoudsopgawe het en die verdeling en groepering van inligting verwarring help uitskakel, impliseer die titel steeds 'n duideliker onderskeid in die stofindeling ten opsigte van die verskillende onderwerpe. Dit het egter nie gerealiseer nie.

Die inhoud van die publikasie is nie op 'n spesifieke teikengroep gerig nie - dit is nie populêr of wetenskaplik nie. As die boek as 'n populêre publikasie bedoel was, sou 'n mens 'n storielyn verwag het. Indien dit as 'n wetenskaplike publikasie bedoel was, beperk die gebrek aan voetnotas die kontroleerbaarheid van die feite. Die regstellings wat gedoen is, is waardevol, maar ongelukkig is die rede en bron waarop die regstelling gebaseer is, weggelaat.

Met die Dias-fees in 1988 is baie navorsing oor padrões, posklippe, grafstene en bakens gedoen en 'n mens sou dus verwag dat meer bykomende inligting in hierdie publikasie opgeneem kon gewees het.

Taalgebruik:

Dit is jammer dat die wisselvallige taalversorging afbreuk aan die publikasie doen. Die verkeerde plasing van die werkwoord is hinderlik, byvoorbeeld: "Hierdie ekspedisie het onder bevel **gestaan** van Bartolomeu Dias" (p. 11), in plaas van: "Hierdie ekspedisie het onder bevel van Bartolomeu Dias **gestaan**."

Indeks:

Dit is jammer dat 'n indeks geheel en al ontbreek.

Uitleg:

Die grafiese uitleg voldoen nie aan die jongste uitlegmetodes en standarde nie. Die omslag en algemene indruk is dié van 'n "ou" publikasie. Die lettertipes wat vir die opskrifte gebruik word, is veral ten opsigte van grootte, tipe en plasing nie in balans met die teks nie.

Die kleuromslag skep die verwagting dat daar binne-in die boek ook van 'n paar kleurfoto's gebruik gemaak sou word.

Uit die voorbladontwerp kon afgelei word dat die bladsye na agter oopgevou moet word, terwyl dit egter op die gewone manier omblaai.

Illustrasies en foto's

Die plasing, grootte en fotografiese kwaliteit van die fotomateriaal laat veel te wense oor. Die oorheersend grys foto's met byna geen swart/wit-kontras is steurend. 'n Mens sou verwag dat Pam Warne, die fotograaf, meer moeite sou doen om die klippe reg te belig om die driedimensionaliteit en leesbaarheid daarvan te verhoog.

'n Verdere leemte in hierdie publikasie is die gebrek aan onderskrifte by foto's en illustrasies. Vanaf die eerste kaart tot en met die Plettenbergbaaibaken is daar geen onderskrifte nie. Slegs aanwinnommers en die afmetings van die voorwerpe word onder elke illustrasie gemeld.

In die teks self is daar nie, soos in die oorspronklike teks, verwysings na die illustrasies waarvan daar melding gemaak word nie. Die oorspronklike teks het vir maklike verwysing die foto's genummer, byvoorbeeld - Fig. 1.

In die geheel gesien, is dit 'n teleurstellende publikasie.